
# Onverwerkte en verwerkte materiale

## Sleutelwoorde

- **onverwerkte materiale** natuurlike materiale soos hout en klei wat in ander dinge omskep word
- **verwerkte materiale** materiale of nuttige dinge wat 'n mens uit natuurlike of mensgemaakte materiale maak
- **sand** baie fyn klipdeeltjies
- **klei** klein, gladde stukkies gebreekte klip
- **vormbaar** kan maklik gevorm word
- **keramiek voorwerpe** wat uit hardgemaakte klei en sand gemaak is
- **bros** breek maklik in stukkies op
- **steenkool** 'n harde, swart stof wat uit die grond kom
- **plastiek** 'n materiaal wat uit stowwe gemaak word wat in steenkool en olie gevind word
- **vesel** draadjie of toutjie
- **leer** 'n sagte, buigsame materiaal wat van dierevelle gemaak word


**Onverwerkte materiale** is natuurlike materiale soos sand en klei, wat gebruik kan word om dinge mee te maak. Natuurlike materiale kom uit die natuur. Soms gebruik ons onverwerkte materiale net soos hulle is.



Onverwerkte materiale kan net soos hulle is gebruik word.

'n Mens kan ook onverwerkte materiale op verskillende maniere verander om ander materiale te vorm. Ons noem hierdie materiale **verwerkte materiale**.

Onverwerkte en verwerkte materiale kan gebruik word om nuttige voorwerpe te maak.



Verwerkte materiale soos glas en papier is mensgemaak.




Onverwerkte en verwerkte materiale word gebruik om nuttige voorwerpe te maak.